

Negester

# STERRELIG

Nuusblad van Negester Klein-Kariba

Jaargang 5 No. 9 September 2023



## LENTE

*Aan U behoort die dag, aan U behoort ook die nag; Ú het hemelligte en son vasgestel. Ú het al die grense van die aarde bepaal; somer en winter, Ú het hulle geformeer. (Psalm 74:16-17)*

September is die maand wat lente aankondig, vir my sekerlik die mooiste en mees 'inspirerende' van alle seisoene ... die seisoen van lewe! Orals is daar vars lentegroen besig om in die natuur rondom ons deur te breek en die tekens van nuwe lewe is ooglopend sigbaar. Selfs die opgewonde vroegoggend voëlgeluide is duidelik hoorbaar, amper asof selfs die voëltjies seker wil maak ons mis nie die begin van die nuwe seisoen nie.

Wanneer ek oor die lente dink, dan kom Psalm 1:1-3 onwillekeurig by my op: *Dit gaan goed met die mens ... wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink. Hy is soos 'n boom wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie. Hy is voorspoedig in alles wat hy aanpak.* Dit is voorwaar lente s'nder ophou wanneer ons ons blydschap in die Woord van die Here vind en dag en nag daarvoor nadink, ons in die Lewensbron veranker bly en Sý grootheid en goedheid laat skyn in alles wat ons aanpak!

En wat kenmerk so 'n 'lentelewe'?

In Romeine 12:9-21 kry ons 'n paar rigtingwysers ... en die opskrif van hierdie gedeelte in die ESV Bybelvertaling is baie gepas: *"Marks of the True Christian"*.

Ek kies om ...

- Mense spesiaal te laat voel;
- Alles wat sleg is te verafsku, die goeie aan te hang en God te laat glimlag oor hoe ek dink en optree;
- Hartlik teenoor ander te wees en hulle met liefde, respek en agting te behandel;
- God met 'n vurige en ywerige hart te dien en voluit vir Hom te leef;
- Geduldig te wees wanneer swaarkry en moeilike tye my pad kruis;

- Voortdurend en met volharding te bid;
- Ander wat swaarkry te help en gasvry te wees;
- Nie verbitterd of beledigend te raak nie en my 'vervolgers' doelbewus te seën;
- Te lag en bly te wees saam met hulle wat bly is en te huil saam met hulle wat deur hartseer worstel;
- In harmonie en nederigheid met mekaar saam te leef, sonder om eiewys en selfgerig te wees;
- Nederig te bly;
- Inskiklik en oop te wees vir ander se standpunte en omstandighede;
- In vrede met ander saam te leef;
- Van wraakgedagtes te vergeet en dit vir God te gee;
- Kwaad met die goeie te oorwin en nie altyd regstaan om ander in eie munt terug te betaal nie.

In my eerste universiteitsjaar was ek bevoorreg om Prof Lötz Strauss as Fisika dosent te hê. Een van sy geliefkoosde uitdrukkings was: “*met hiêrdie formule, plus 'n bietjie GV (gesonde verstand), pleeg jy fisika*”. Ek wil jôú graag inspireer ... vat Psalm 1 en Romeine 12, gebou op GV – Geesgeïnspireerde verhouding – en dra goeie vrug. Leef ons Hemelse Vader se liefde sigbaar uit – soos die nuwe lentegroen – en máák elke dag 'n 'lentedag'!

*Dankie Here dat U seisoene bepaal het en dat ons nou – na die winterseisoen van rus – opnuut met inspirasie en opgewondenheid toegerus kan word. Laat hierdie nuwe lenteseisoen ook in ons geestelike lewe, ons verhouding met U en ons interaksie met mekaar opnuut sigbaar wees ... dat ons, as mede Negester inwoners, saam sal kan ervaar hoe lief Christus ons regtig het en ons ons lewens op Sý liefde sal bou ... ons lewens met Sy teenwoordigheid oorspoel sal word sodat daar nie 'n stukkie van ons lewens sal wees wat nie deur U teenwoordigheid geraak word nie.*  
AMEN

Pierre Jordaan



**Omgee is ...**

“Lag en die wêreld lag saam ...  
huil en jy huil alleen.”

Maar:

By Negester word jy met liefde  
omvou.

Hier word saam met jou gelag  
en saam met jou gehuil.

Wat 'n voorreg!

**OOGKUNDIGE**  
 **GEORGE VAN DER HOVEN**

*Somen Promosie*

*Gratis voorgeskrewe sonbril van R1800*

Onderhewig aan 'n volledige oogtoets, raam en lense

Terme en voorwaardes geld

063 099 4388      064 811 8299  
066 517 2571

Bela Bela | Modimolle | Mookgophong

# Boombrokkies

## Nabome en nagblomme

Nabome is van die interessantste bome wat in ons omgewing groei. *Euphorbia ingens* (naboom, giant euphorbia) en *Euphorbia cooperi* (bosveldkandelaarnaboom, bushveld candelabra-tree) kom by ons voor. Lg. het 'n stewige hoofstam en die takke is diep ingesnoer. Die gewone naboom het 'n kort, dik stam en sy onderste takke val ook nie mettertyd, soos by ander naboomsoorte, af nie. Nabome het kort, dik dorinkies en het melksap wat uiters giftig is.



Nagblomme, Queen of the Night (*Cereus jamacaru*) is ernstig ongewenste indringers wat ongelukkig ook volop in ons omgewing voorkom. Hulle verdring inheemse plante en ontnem diere kos en skadu. Hulle lyk baie soos nabome maar het lang dun dorings en mooi groot blomme wat hoofsaaklik snags oopgaan. Ape en voëls eet graag die vrugte en versprei die saad so. Boonop skiet afgebreekte takke vinnig wortel. Gelukkig is daar 'n doeltreffende biologiese agent wat nagblomme doodmaak. In ons omgewing sien mens dikwels sulke droë knoetsies bo-op die takke en, nie te lank nie, verdroog die hele plant.



Die duidelikste verskille tussen nabome en nagblomme is: Nabome het kort, dik dorinkies, die blommetjies sit op 'n ry op die kant van die takkies en hulle het melksap. Nagblomme het lang, dun dorings, groot blomme en geen melksap.

Leonora

**IF YOU KNOW WHAT THIS IS YOU ARE OFFICIALLY OLD ...**



## NEGESTER: BYEENKOMSTE 2023: TENTATIEWE DATUMS

DATUM	FUNKSIE	SAMEROEPER	KONTAKNOMMER
25 Oktober	Wyngilde	Alida	071 609 6705
20 Oktober	Cansa Flower Power	Nellie	083 680 6965
23 November	Kerssangdiens	Derek/Gusta/Alida	083 286 5066/083 287 9925
29 November	Wyngilde	Alida	083 286 5066/071 609 6705
2 Des	Markdag (opemark)		



## Sakwurms



Sakwurms is die onvolwasse stadium van 'n mot en behoort aan die familie Psychidae, hulle staan ook bekend as sakwurmmotte. Mannetjies het deursigtige vlerke met min skubbe, swart en grys lywe en gepluimde voelers. Wyfies is vlerkloos, dikwels blind en het swak ontwikkelde pote, monddele en voelhorings en word meestal in hulle sakkie-kokon bevrug deur mannetjies aan te lok met feromoonafskeiding. Sommige is egter partenogeneties (mannetjies word nie benodig om eiers te bevrug nie). Wyfies lê eiers in die sakkie-kokon, en kan tussen 500 en 'n 1 000 eiers lê.

Jong ruspers of larwes wat uitbroei spin lang sydrade waarmee hulle, met behulp van die wind, versprei.



Die larwes spin sakkies met blare, gras, stingels en dorings, afhangend van die spesie. Hier by ons op Negester is daar veral van die soorte wat doringboomdorings gebruik om vir hulle 'n "houthuisie" te bou en hulle sodoende te kamoefleer. Die materiaal is kenmerkend aan elke spesie en gekoppel aan hulle voedselbron. Hulle lewe permanent in die sakkies wat saamgesleep word en wat ook later dien as 'n kokon. As larwes te groot raak vir hulle huisie kan hulle 'n groter een bou waarin hulle dan in 'n papie verander.

*Kotochalia junodi*, of algemeen bekend as die wattelsakwurm, is 'n inheemse spesie wat ontwikkel het tot 'n ernstige plaag van aangeplante wattelbome. Hulle kan ook op doringbome voed. 133 spesies kom in Suid-Afrika voor, waarvan 71 spesies inheems is en 27 genera.

Des

## Boererate

### Terneergedruktheid

Gaan stap lekker ver. Terug by die huis, neem 'n warm bad en gaan lê op die bed op jou rug.

Ontspan vir 30 minute.

### LAG 'N SLAG



#### Sê maar niks:

Landdros: "Jou verstand is net so lank soos jou hare!"

Beskuldigde: "Edelagbare, met verwysing na jou bles, sal ek eerder nie praat nie!"



**Smart Vision Solar**

Groothandelaar  
en  
Installeerders  
van  
PV Sonkrag Stelsels

Kontak  
Willy 078 364 1416

# *Holistiese welstand is vir Ons Winkels belangrik!*

## **Ons maak 'n verskil deur:**

- Werksgeleenthede te skep
- Studiedrome te bewaarheid
- Maatskaplike hulp moontlik te maak
  - Bekostigbare items aan die publiek beskikbaar te stel

**Heléne 0828919098**



**ONS WINKEL**

**Ons Winkel Bela Bela/Nylstroom**



# NOODNOMMERS

<b>Ambulansdiens Life 24</b>	<b>082 040 5003</b>
<b>Brandweer</b>	<b>014 736 8000</b>
<b>Polisiediens</b>	<b>014 736 9760/1</b>
<b>Stasiebevelvoerder</b>	<b>082 565 8512</b>
<b>Sigbare polisiëring</b>	<b>082 414 2704</b>
<b>Speurtakhoof</b>	<b>082 319 9336</b>
<b>HD Elektries (Dirk)</b>	<b>083 660 0319</b>
<b>Loodgieter (Eric)</b>	<b>083 281 7789</b>
<b>Suster Delia</b>	<b>082 494 2717</b>
<b>Suster Lorette</b>	
<b>PROCARE NOOD</b>	<b>066 282 4026</b>
<b>Landgoedbestuurder (Dawie)</b>	<b>071 734 3618</b>
<b>Hospitale</b>	
<b>Provinsiale hospitaal</b>	<b>014 736 7300</b>

## GLIMLAG

'n Praktiese grappas het by 'n hotel in Bloemfontein ingeboek en vir die ontvangsdame gesê: "Mag ek 'n kamer met 'n see-uitsig hê?" Sonder om 'n ooglid te knip, het sy geantwoord: "Sekerlik meneer, sal jy die Atlantiese Oseaan of die Indiese Oseaan verkies?"



## Werklike inskrywings in 'n SA hospitaalregister:

1. Examination of genitalia reveals that he is circus sized.
2. Die pasiënt het geen vorige geskiedenis van selfmoorde nie.
3. Pasiënt het witbloedselle by 'n ander hospitaal gelos.
4. Op die tweede dag was die knie beter, en op die derde dag het dit verdwyn.
5. Ontslagstatus: Lewendig maar sonder my toestemming.
6. Afgeleefde 69-jarige man met gesonde voorkoms, verstandelik wakker, maar vergeetagtig.
7. Pasiënt het wafels vir ontbyt en anorexia vir middagete gehad.
8. Sy is gevoelloos van haar tone af ondertoe.
9. Rektale ondersoek het 'n normale grootte skildklier aan die lig gebring.
10. Sy het verklaar dat sy vir die grootste deel van haar lewe hardlywig was, totdat sy 'n egskeiding gekry het.
11. Die pasiënt het lykskouing geweier.
12. Vel: ietwat bleek maar teenwoordig.
13. Groot bruin stoel wat in die saal rondloop. ("Large brown stool ambulating in the hall").



Willie van Heerden

(Inligting verkry uit n SAVA nuusbrief)

# TESTEERVRYHEID

## Wat beteken Testeervryheid?

'n Testament is een van die belangrikste dokumente wat jy in jou leeftyd sal opstel en onderteken. In Suid-Afrika word die beginsel van testeervryheid gesien as die hoeksteen van die erfreg, en is dit deur die eeue heen ook erken in terme van gemenerereg.



Testeervryheid beteken dat 'n persoon die mag het om te kies hoe en aan wie sy/haar bates by sy/haar dood nagelaat sal word. Hierdie vryheid van testasie was egter nog nooit onbelemmerd en sonder beperkings nie.

Testeervryheid moet opgeweeg word teen die Grondwetlike beginsels van vryheid, gelykheid en waardigheid. Daar is statutêre sowel as gemeenregtelike beperkings. Vryheid van testasie beteken nie die vryheid om onbillik te diskrimineer, of teen openbare beleid-, onwettig of immoreel op te tree nie. Enige bepalings in jou testament wat strydig is met die vereistes vir 'n oop en regverdige demokratiese samelewing ingevolge die Grondwet, sal ongeldig en onafdwingbaar wees. Die bepalings van 'n testament moet voorts ook nie vaag of onmoontlik wees om te implementeer en uit te voer nie.

Dit is belangrik dat jou testament aan die geldigheidsvereistes voldoen soos uiteengesit in die Wet op Testamente 7 van 1953 om sodoende die belange van jou geliefdes te beskerm, en te verseker dat jou laaste wense uitgevoer word.

Kontak ons gerus om vir jou 'n geldige testament op te stel of om jou huidige testament te hersien om sodoende jou nalatenskap te laat voortleef van geslag na geslag.



Cambridge Park, Gebou 13, Eerste Vloer, Bauhiniastraat 5, Highveld Technopark,  
0157

Tel: 082 941 2002 / 012 880 2470

[www.yb-law.co.za](http://www.yb-law.co.za)

Ons konsulteer ook in Bela Bela

# Ystervark (*Hystrix africaeaustralis*)

Die ystervark is 'n kenmerkende knaagdier (nie 'n lid van die varkfamilie nie) wat in groot dele van Afrika (suid van die Sahara) voorkom, buiten die suidwestelike woestyengebiede van dié kontinent. Die ystervark is die grootste knaagdier in Suid-Afrika.



Ystervarke word maklik uitgeken aan die swart-en-wit, harde, skerppuntige penne wat hul rûe en agterlywe bedek. Die res van die liggaam is met lang, stywe borselhare bedek.

Die wyfie is ses tot sewe weke dragtig, waarna een tot vier kleintjies gebore word.

Ystervarke het 'n moontlike lewensduur van 20 jaar – baie langer as meeste ander knaagdiere.

Ystervarke is plantetend, met 'n dieet wat grootliks bestaan uit wortelstokke en ander ondergrondse plantdele. Hulle is uiters vernielsugtige eters en is dikwels 'n probleem in groente- en blomtuine aangesien hulle lief is vir veral aartappels en ander ondergrondse groente. Die diere kom ook op Negester voor, soos sommige inwoners al moes ervaar. In die veld trek hulle die bas van bome af wat die bome kan laat doodgaan.

Die Suid-Afrikaanse ystervark is bekend daarvoor dat hy bene bymekaarmaak en daar is lank geglo dat hy daaraan knaag om sy tande te slyp. Navorsing deur die Soogdiernavorsingsinstituut het egter aangetoon dat die ystervark beenmateriaal moontlik verteer om 'n kalsium- en fosfaatwanbalans in sy dieet reg te stel.

Daar is vir baie jare lank geglo ystervarke skiet hulle penne na vyande. Dit is 'n vergissing: ystervarke beskerm hulself in werklikheid deur hul aanvaller agteruit te bestorm en hul nagenoeg 40-sentimeter lange penne dan in die vyand se liggaam agter te laat. Hierdie stap word slegs geneem as die aanvaller hom nie aan die waarskuwende gegrom, gestamp van pote en die ratelende uitgespreide penne steur nie.

Die naglewende ystervark slaap bedags in aangepaste erdvarkgate, of in gate wat hyself gemaak het, of in rotsskeure. As hy hom eers in 'n gat ingewikkel het, is dit byna onmoontlik om hom daar uit te kry. Die uitgespreide penne anker hom aan die kante van die gat en vorm 'n skerp versperring teen indringers. Ystervarke is sterk paargebonde en dit kom voor dat hulle monogaam is. Een of twee kleintjies word gebore, wat met sagte stekeltjies oortrek is wat baie gou hard word.

Die inligting relevant tot die bydraes oor soogdiere wat op Negester voorkom kom van die volgende bronne:

- Stuart's Field Guide to the larger Mammals of Africa (Chris & Mathilde Stuart)
- The Mammals of the Southern African Subregion (Reay H.N. Smithers)
- Wikipedia

Arrie

## VERNOEM na ...?

Damask: 'n Deftige soort materiaal, die soort waarvan mooi tafeldoeke gemaak is, taamlik dik geweef met allerhande mooi "watermerkpatrone"; van linne of sy en deesdae ook kunsvesel, oorspronklik geweef in Damaskus en vandaar die naam.

Hamburger: 'n Dubbele broodjie met lekker vleis tussenin. Oorspronklik deur die Europese immigrante (seker van Hamburg) in die tagtigerjare (na 1844) na die VSA gebring. Die res is geskiedenis.



Denim: 'n Soort weefstof van stewige aard en sterk materiaal (dikwels, of meestal blou), oorspronklik van die Franse stad Nimes as "serge de Nimes" en verkort na denim.

Korent: Daardie lekker klein rosyntjie, oorspronklik uit die Griekse stad Korinthe.

A cappella: Sonder begeleiding – soos in die ou kerke.

Henk Kruger



## 'n Sport terugblik op Vrouemaand



Eintlik begin die vroueprestasies al op 12 Junie. Gerda Steyn teken 'n tyd van 5:44:54 aan in die Comrades. Daar is 'n paar inwoners wat al die ultra marathon gehardloop het, en ek dink hulle sal saamstem dat dit 'n fantastiese tyd is. Boonop vul SA atlete die eerste 3 plekke in die vroue afdeling.

Tatjana Schoenmaker wen ons enigste medaljes by die Wêreldkampioenskappe in Japan. Sy wen goud in die 200 m en verdien ook die silwer in die 100 m borsslag. Ons sien uit na haar vertonings volgende jaar by die Olimpiese Spele.

Die vroue netbalspan lewer goeie spel in die wêreldbeker en stel twee sterre aan die SA publiek voor: Bongiwé Msomi (Bongi), wat in enige wêreldspan sal speel, en Nicole Taljaard (Nicci), die publiek se gunsteling. Ek dink tog die SA span het hulle finaal teen NZ gespeel, en om 'n gelykop uitslag te kry teen die wêreld nommer 1 span was bo verwagting. Ook 'n paar eerstes gedurende die wêreldbeker, waar die produksie span net uit vroue bestaan het.

Met 'n geraamde kykerstal van 11,1 miljoen kykers vir die wedstryd in die Vroue Sokker wêreldbeker tussen Engeland en Australië, stel hierdie vroue nie teleur nie. Die standaard wat in hierdie wêreldbeker gestel is, is indrukwekkend. Woorde soos: "this is a new level" en "outstanding" was dikwels gehoor. Dan kry die SA span dit ook reg om, vir die eerste keer sedert ons terugkeer na internasionale sport, vir die volgende rondte te kwalifiseer.

Vrouemaand sluit af in Boedapest met prestasies wat nog lank onthou sal word. Daar word gesê dat dit die beste byeenkoms in die laaste 20 jaar was. Van die wêreld se bestes tree aan en, in van die items, is daar Olimpiese-, Wêreld-, Binnenshuise- en huidige kampioene wat deelneem. Die 110 m vroue finaal is "poësie in beweging", met 7/9 van die deelnemers wat 'n tyd van beter as 11 sekondes behaal, en Robinson van die VSA wat in 'n tyd van 10,65 sekondes wen.

Nina Kennedy (AUS) en Katie Moon (VSA) behaal albei goud in die paalspring – 4,90 m – en dit is die beste hoogte hierdie jaar. Ek sluit die maand af met Femke Bol van Nederland. Hierdie atleet is net iets besonder, met die volgende uitslae tydens die afgelope Boedapest byeenkoms:

- Sy val in die 4x400 gemengde aflos, 15 m van die wenstreep af. Nederland maak nie klaar nie, en sou of silwer of goud wen.
- Sy wen die 400 m hekkies in 'n tyd van 51,70 sekondes, wêreldklas.
- In die 4x400 m aflos wen Nederland goud in 3:20,72 met Femke wat 65 m moet opmaak op die laaste 400 m, die wentyd beste wentyd hierdie jaar.

En so is vrouemaand nou ook iets van die verlede. Dit was 'n maand van uitsonderlike prestasies op die sportveld en die vroue van die wêreld het nie teleur gestel nie, die manne sal maar moet uithaal. Dit los my tog met 'n vraag waarvoor ek nie 'n antwoord het nie, alhoewel daar seker baie vroue is wat my sal aanvat hieroor.

Hoekom kry die manne net Vadersdag, en die vroue Vrouemaand ...? Vra maar net.

Ben v N

## **Taalgoeters**

Aan die binnekant van die ZAR-raadsaal op Kerkplein in Pretoria, hang 'n reuse sambreel teen die plafon. Dit word 'n BALDAKYN genoem. Dit is afgelei van die Italiaanse woord "baldacchino" wat verwys na die stad Baldacco wat vandag bekend is as Bagdad. Eeue gelede is duur materiaal (baldacchino) vanuit Bagdad (Baldacco) ingevoer om, onder andere, die dak van die altaar en van die pouselike troon in die Rooms-Katolieke Kerk te versier as voorstelling van die hemel. Daarom kan daar na 'n baldakyn ook as "troonhemel" verwys word. 'n Bed met so 'n baldakyn word ook 'n "hemelbed" genoem. In Engels is die vertaling van 'n baldakyn "baldaccin" of doodgewoon net 'n "canopy".



Vir die Volksraad van die destydse ZAR was die baldakyn in die raadsaal 'n simbool van gesag, status en die verantwoordelikheid teenoor God om goed te regeer.

Cobus Oosthuizen



## 'n Boodskap uit die landgoedkantoor

September het kom groet met 'n paar lekker warm dae, en die lente is hier!

Die veld is egter nog baie droog en die moontlikheid van brande steeds baie hoog. Van brande gepraat, 'n groot dankie aan ons personeel wat gereeld gaan help om veldbrande te bestry om ons area te help beskerm ... en sommer ook 'n bietjie terugvoer oor die brand naby Verloren op 11 September: die windspoed was op dié dag in die omgewing van 30-40 km per uur. Ongeveer 80 bakkies met brand toerusting, 150 privaat persone, 3 *Working on Fire* spanne, 1 *Fire Manager* en 8 vuur kapteins was betrokke om die brand te beveg. Meeste spanne was teen ongeveer 09:30 in die area, en die brande kon eers teen 18:30 onder beheer gebring word. Kom ons bly steeds bedag op rook in die omgewing en laat my of die kantoor dadelik weet indien u rook gewaar.

Ons is klaar met die uitvang van wild vir die jaar nadat die laaste 6 Njalas – 3 bulletjies en 3 ooie – gevang en verskuif is. Baie dankie vir almal se samewerking om vir hierdie tyd nie voer uit te sit nie. Ons voer die wild nog steeds, en dit was verblydend om tydens hierdie proses te sien dat ons bokke geen uitwendige parasiete het nie en dat hulle in 'n baie gesonde toestand verkeer.

Ek verwelkom net graag weer vir Riaan en Melanie wat by ons span aangesluit het ... ons vertrou dat julle tyd hier by ons geseënd sal wees en dat julle gou en lekker sal inskakel.

Die water- en rioolstelsel van Negester funksioneer uitstekend. Gedurende Augustus is daar 'n gemiddeld van 157 kiloliter water per dag gepomp. Ons is deurentyd besig met voorkomende instandhouding en het reeds twee van ons swembadpomppe vervang, hekmotors gediens, straatligte herstel ... om maar net 'n paar te noem.

Dan ook 'n groot dankie aan al my personeel vir hulle harde werk om vir die Algemene Jaar Vergadering van 16 September voor te berei, sowel as hulle betrokkenheid tydens die vergadering ... julle is almal sterre!

Onthou: *Intelligensie is die vermoë om by verandering aan te pas - Stephen Hawking.*

Dawie van Niekerk



## Stywe lyne

Ja! Die maande met die "R'e" is weer met ons. Vir 'n hengelaar is dit tyd om weer sy hengelvernuif op te skerp en uit te oefen. Die Negester-hengelgroep is gereed vir vis-aksie.

Ons het die dam te Lemoenplaas, geleë op die Warmbad-Almapad, 5 September 2023 besoek.

Die vis het wraggies nog hul "wintermaniere" tentoongestel en was traag om te byt!

Cas was die trofee-wenner met sy twee kurpers.

Maak seker dat jy jou maandpermit betyds koop.

Ek hoop die Wildtuin is nou toe en die blommetjies is klaar ... sodat ons kan visvang.

Cassie Walkers



**DStv™**

**ACCREDITED  
INSTALLER**



**SATELLITE  
CONNECTION**

**Supply - Repair - Installation**

**All Audio / Video & DStv System**

**[www.satelliteconnection.co.za](http://www.satelliteconnection.co.za) 014 717 1551 / 082 494 3132**

[www.satelliteconnection.co.za](http://www.satelliteconnection.co.za)

[amore@satelliteconnection.co.za](mailto:amore@satelliteconnection.co.za)

0147171551



# KOOS SKRYF



'n Bundel kortverhale wat bewaar moet word vir die nageslag.

My laaste olifantjag.

'n Kort storie. Nie lekker om te vertel nie. Waarom? Hier kom hy.

Die kliënt se naam was John. 'n Jong man. Baie te jonk om 'n jag in Afrika te kan bekostig. Tensy hy geërf het. Ek vra hom. Nee, hy werk lang ure op 'n sleepboot in die New York hawe. Verdien "major bucks". Wanneer hy met verlof is blaas hy alles op homself. Het geen kind of kraai nie. Is ongelukkig ook 'n dwelmverslaafde. Maar dit is nie my probleem nie. My taak is om hom op 'n olifantjag uit te neem, want hy kan betaal.

Die aanloop tot die jag verloop baie maklik. Te maklik. Ons hou stil op 'n hoogte en deur my verkyker sien ek drie olifantbulle in die verte wei. Twee nog jonk, maar een duidelik 'n swaar ivoordraer. Ek toets dadelik die wind en ons beweeg stadig wind-op, te voet, nader.

John het op die skietbaan bewys dat hy sy 460 Weatherby verstaan. Ek het hom oortuig om 'n hart-longskoot te skiet eerder as 'n breinskoot. Ek wil die ou nog ontmoet wat gesê het olifante behoort net in die brein geskiet te word. Hy het my al baie moeite besorg. Selfs amper my lewe gekos.

Die drie bulle staan met pompende ore en afkoel teen die Laeveld hitte. Ons kom ongemerk binne dertig meter van hulle af.

Die stof van John se 460 patroon slaan op die regte plek uit. Ek weet die ou grote gaan val. Hy storm die bos in met die twee bulletjies agterna. Nou net vir 'n halfuur wag dat hy waardig kan sterf. Dan spoorsny. 'n Bloedlyn, so duidelik dat 'n blinde man dit kan volg, lei ons die bosse in.

Sowat twee-honderd meter verder hoor ons die vreemdste geluide wat ek nog in die bos gehoor het. Ek besef dat dit van 'n olifant afkomstig is. Toe ons binne sig kom sien ons die beeld wat my laat besluit het dat dit my laaste olifant was.

Die ou grote het op sy bors inmekaar gesak. Die lang tande diep in die grond geboor. Duidelik dood. Die geluide kom van die twee jong bulle, wat met hulle slurpe en tande alles moontlik probeer om die ou grote weer op sy bene te kry.

Koos Venter

## SPORT/ONTSPANNING



Tyd	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
06:00 – 06:45				Manne biduur	
07:00 – 09:00	Jukskei	Jukskei	Jukskei	Jukskei	Jukskei
08:00 – 09:00	Water aërobies			Water aërobies	
08:00 – 09:00		Pilates			Pilates
10:00 – 11:00		Lyndans		Lyndans	
14:00 – 16:00		Handwerk			
15:00 – 17:00		Tafeltennis		Tafeltennis	

**Sodanige besprekings sal alleenlik verskuif word indien die sameroeper van die bespreekte aktiwiteit persoonlik toestemming verleen en die kantoor persoonlik dienooreenkomstig daarvan in kennis gestel is.**

**Die klubhuis en veral die boma MOET bespreek word by die kantoor indien u dit wil gebruik vir aktiwiteite.**

Derek

Sosiale Belangegroep

# Uit Grootjie se kombuis ...

## Piesang - Appelkolwyntjies

Hierdie is 'n smaaklike, vinnige en gewilde bederf saam met 'n koppie tee en, terwyl jy kuier, word dit sommer gou gebak.

Ouma het altyd gesê: "As jy kan lees, kan jy bak!"

Probeer gerus – dit is "floppie-vry".

### Bestanddele:

1. 4 piesangs (fyn gedruk)
  2. 1 (gerasperde) appel
  3. 1 eier
  4. 1 t vanilla
  5. ½ k suiker
  6. ½ k olie
- } Meng saam (klitser)

7. 1½ k koekmeel
  8. 1 t koeksoda
  9. 1 t bakpoeier
  10. Knippie sout
- } Sif saam



### Metode

1. Stel oond op 180°C
2. Meng alles – Roer met houtlepel
3. Skep mengsel in gesmeerde kolwyntjiepan (maak 12)
4. Bak 20 min – ½ uur (toets maar met jou toetspen)

~Gusta~



## G & H TUIN DIENSTE

G : 076 772 5205  
H : 063 296 1865

### ONS BIED :

- ✓ Sny van grasperke & skoonmaak van Beddings.
- ✓ Blaas van plaveisel, "courtyards", vensterbanke en spinnerakke.
- ✓ Spuit onkruidoder waar nodig op plaveisel.
- ✓ Natmaak van tuine by onbewone huise.
- ✓ Skoonmaak van dreine en dreindeksels.
- ✓ Sny en verwydering van bome.
- ✓ Snoei van bome oor dakke.
- ✓ Skoonmaak van geute.



# Tong in die kies

Tog so lekker om te stry ... nè!

“Sy naam sal Josef wees”, sê die Joodse pappa. “Dis ’n pragtige naam vir my eersteling, my seún. Ek vernoem hom na my pa.”

Nou reageer die mamma: “Ooo, nee! Ek wil hom na my pa vernoem ... Josef.”

Die rabbi tree tussenbeide: “Ek verstaan glad nie!”

“Jy sal verstaan wanneer ek jou vertel”, sê die mamma. “My man se pa was ’n perdedief en my pa was nog altyd ’n regverdige man. Daarom moet ons hom na my pa vernoem: Josef, anders aard hy dalk na die ander oupa Josef.”

Die rabbi krap kop en sê toe: “Nou hou dit dan Josef. Hy kan self besluit of hy ’n perdedief of ’n regverdige man wil word. Dan sal julle weet na watter oupa hy vernoem is.”

“Dit mag so wees dat elke saak twee kante het, maar dis ook waar dat ’n strook vlieëpapier ’n taai kant en ’n gladde kant het – dit maak ’n groot verskil aan die vlieg watter kant hy kies.”

(Christion Medical Society Journal)

~Gusta~



## Die geskiedenis van VOORSKOTE

Ek dink nie ons kinders weet wat ’n voorskoot is nie. Die hoofgebruik van ouma se voorskoot was om die rok daaronder te beskerm, want sy het net ’n paar rokke gehad. Dit was ook omdat dit makliker was om voorskote te was as rokke, en voorskote wat minder materiaal gebruik het. Maar daarmee saam het dit as ’n pothouer gedien om warm panne uit die oond te haal.

Dit was wonderlik om kinders se trane af te droog, en is by geleentheid selfs gebruik om vuil ore skoon te maak.

Van die hoenderhok af is die voorskoot gebruik om eiers, kieskeurige kuikens en soms half-uitgebroeide eiers te dra.

Toe geselskap kom, was daardie voorskote ideale wegkruipplekke vir skaam kinders. En toe die weer koud was, het ouma dit om haar arms gedraai.

Daardie groot ou voorskote het menige sweetvoorkop, geboë oor die warm houtstoof, afgevee.

Spaanders en aansteekhout is in daardie voorskoot die kombuis ingebring.

Uit die tuin het dit allerhande groente gedra. Nadat die ertjies uitgedop is, het dit die doppe gedra.

In die herfs is die voorskoot gebruik om appels in te bring wat van die bome geval het.

As onverwagse geselskap die pad opry, was dit verbasend hoeveel meubels daardie ou voorskoot binne ’n kwessie van sekondes kon afstof.

Toe aandete gereed was, het ouma op die stoep uitgestap, haar voorskoot geswaai, en die manne het geweet dis tyd om van die lande af in te kom vir ete.

Dit sal lank duur voordat iemand iets uitdink wat daardie ‘outydse voorskoot’, wat soveel doeleindes gedien het, vervang.

Ek weet nie hoeveel kieme op daardie voorskoot was nie, maar ek het nog nooit iets van ’n voorskoot af ontvang behalwe liefde nie.

Skrywer onbekend-





# SOLAR CONNECTION

Christo/Kevin (082) 520-9810



# Voël van die Maand

## GEELOOGKANARIE

Eng: Yellow-fronted Canary  
*Crithagra mozambica*

Die geeloggkanarie is een van die algemene voëls hier by Negester en hulle kan reg deur die jaar hier waargeneem word. Die oog van die voëltjie is donkerbruin en nie geel nie, die 'geelogg' verwys na die geel strepe bokant die oog. Die Engelse naam (Yellow-fronted Canary) is in dié geval meer beskrywend.

Die voël is 12 cm lank en weeg 9 – 12 gram.

Die mannetjies en wyfies lyk eners, maar die wyfies kan effens bleker wees.


**Broei:** Monogaam. 'n Bakkievormige nes met dun wande word van boombasvesel, blare, dooie gras en selfs stukkies lyn gebou. Die nes word aan die buitenste takke van 'n boom of struik geheg. Die nes word hoofsaaklik deur die wyfie gebou. Die buite diameter van die nes is 70 mm. Die wyfie lê 2-5 eiers en sy broei die eiers self uit. Die mannetjie dra vir haar kos aan tydens die 14 dae wat sy op die eiers sit, asook vir die eerste paar dae nadat die kleintjies uitgebroei is. Die kleintjies verlaat die nes na ongeveer 3 weke, maar is nog vir 'n tydjie van hul ouers afhanklik vir kos.

**Status:** Algemene tot volop standvoël. Hulle kom in die Noordelike en Oostelike dele van ons land voor, asook in Zimbabwe, Mosambiek en in die Noorde van Botswana en Namibië. (Sien die verspeidings kaart)

**Habitat:** Oop boomveld; algemeen in parke en tuine.

**Kos:** Gras- en struiksaad wat hul op die grond kry, maar ook nektar van blomme en ook klein insekte.

**Algemene gewoontes:** Kom in pare of familiegroepe voor gedurende die broeiseisoen, maar buite broeiseisoen kan swerms van tot 100 voëls voorkom.



Bronne geraadpleeg: Wikipedia en Robert Birds of South Africa

Lekker voëls kyk tot volgende maand.

Gerhard Vosloo

## NOU...

nou toe

Ek het amper oor die rooi bult gery.

Betekenis:

Afr: Ek was amper dood.

Eng: My number was almost up.







**fines4u**

TRAFFIC OFFENCE ASSISTANCE

**[cornelia@fines4u.co.za](mailto:cornelia@fines4u.co.za)**

**[www.fines4u.co.za](http://www.fines4u.co.za)**

**082 449 2274**

# PROCARE DIENSTE



Procare Operations (Edms.) Bpk is in 2018 gestig en lewer professionele tydelike en permanente uitgekонтрактеerde indiensneming oplossings in die gesondheidsorgsektor aan gesondheidsorgfasiliteite, aftreeoorde en privaat kliënte regoor Suid-Afrika.



## Medikasie Beheer

Blister verpakking van medikasie word by die apteek gereël .

'n Apteeker pak die medikasie korrek volgens voorskrif.

Medikasie word volgens voorgeskrewe tye toegedien in u wooneenheid.

Kroniese medikasie voorskrifte word elke 6 maande hersien.



Sr Delia Venter  
0147362770  
066 282 4026



[delia@procare.org.za](mailto:delia@procare.org.za)




[www.procare.org.za](http://www.procare.org.za)



## KLINIEK

Daar is 'n toegeruste kliniek op die oord wat U in die gemak van U eie tyd kan besoek.

Indien U hulp verlang kan U gebruik maak van U noodknoppie waar die oord suster U sal bystaan en sorg dat U die korrekte behandeling ontvang.



## Tuisversorging

Die dienste is om die inwoner in die gemak van hul eie eenheid te help waar hy/sy nie meer selfversorgend is nie.





### A GRANDMA'S POEM

It seems that grandmas always need  
A little one to hold;  
To kiss and love, with all their hearts,  
To shelter from the cold.

It gives me so much pleasure  
When you sit upon my knee  
To know as I grow older  
You will always keep me company.

I'll tell you lots of stories;  
I'll sing you lullabies  
And you will know I love you more  
With each beautiful day that goes by.

I used to hold your mommy  
And hug and kiss her, too.  
I love her very much, you know  
The same way she loves you.

I used to wish that she could stay  
My baby all her life.  
But God intended for my little girl  
To grow up to be a mommy and a  
wife.

And that's why He makes  
grandchildren -  
To fill the empty gap.  
It would be such a lonely world  
without you.  
Come-sit on Grandma's lap.

*-Donna M. Bussey*



### VANAF DIE BOEKRAK

**Titel:** The First Lady

**Outeur:** James Patterson en Brendon Du Bois

Wanneer die skandaal oor President Tucker van die VSA se buite-egtelike verhouding bekend word, stuur dit skokgolwe deur sy herverkiesings "campaign". Dit kan veroorsaak dat dit waarvoor die President so hard gewerk het, om weer verkies te word, heeltemal in die wiele gery word. Hy het dringend nodig dat sy vrou as die "First Lady" langs hom moet paradeer indien hy stemme wil werf. Grace Tucker het egter 'n wil van haar eie. Na jare van ontrou aan haar wees en leë beloftes, weier sy om toe te gee aan haar man se vereistes. Sy "ontsnap" haar lyfwagte en verdwyn soos mis voor die son. Kruip sy weg, of is sy in groter gevaar as wat enige iemand kan vermoed?

Tot volgende maand

Ria



**Construction & Remodeling**

**For All Your  
Remodeling,  
Renovations and  
Constructions**

**Tommie**  
**071 648 8473**



**tblignaut76@gmail.com**



## Teetuin



Die teetuin het vir die eerste keer op, Donderdag, 31 Augustus, sy spreekwoordelike deure oopgemaak, en hopelik bly dit 'n tradisie hier by Negester wat ons almal oorleef wat nou hier bly! Die idee het ontstaan uit die waarneming dat diegene wat op Donderdae hier by die plaaslike 'winkels' kom koop, met ander inwoners staan en gesels. Dit het gelyk of dit 'n spontane geleentheid kan bied vir mense om bietjie na mekaar se wel en wee uit te vra en om nuwe of meer gevestigde inwoners beter te leer ken.

Dankie vir Mariette en Alida wat die koppies en bekere geskenk het. Met die ondersteuning van Yolanda, wat ook al lankal die potensiaal raakgesien het, en Stephan se hulp met die opstel van die kafee, is ons van 09:00 tot so 11:00 oop vir gaste. Die idee is nie om inkomste uit die opstel te maak nie, maar om dit as 'n diens te bedryf ter wille van almal wat hier bly. Vir die doel vra ons net 'n donasie om dit aan die gang te hou. Ons gaan ook nie iets te ete hier verkoop nie en mense bring hul eie pannekoek of eetgoed, wat hul by die stallietjies koop, en eet dit saam met die tee/koffie. Hier is darem koekvurkies, pierings vir bordjies en jammerlappies beskikbaar!

Die kafee word bedryf op die gras voor die HEV kantoor. Ons het 4 tafels van die klein saaltjie se stoep, met hul 16 stoele, wat die sitplek uitmaak. Tot my groot lekkerkry het mense van die eerste keer af by die bestaande 'gaste' aangesluit, wat maak dat dit een groot geselskap is wat verander soos mense kom en weer gaan. Kom sluit gerus by ons aan!

Ona van Nieuwenhoven (namens die Sosialebelangegroep)




### Kopkrapper 2

Daar was korrekte antwoorde nie.

#### Antwoord op Kopkrapper 2

Kantel die vat totdat die vloeistof net-net aan die rand van die vat raak. As dit minder as half vol was, sal mens die bodem kan sien (Fig. 1). As dit meer as half vol was, sal mens nie die bodem kan sien nie. (Fig. 2)



## SCHOEMBIE GARDENS

Now is the time to top your lawn  
and give the garden beds a boost  
Contact us for a quote to dress the  
lawns and get them green and  
lushes

Contact: 064 318 0168 /084 349 2493

## Rocking Horse Kwekery

Wide range of trees, shrubs and succulents

Pop in to see our range

# OOR 'n KOPPIE TEE



## **FRENCHIE EN OLGA COLLET-SERRET (11)**

### **Waar is julle gebore en het julle grootgeword?**

**Olga:** Ek is in Vereeniging gebore en het daar grootgeword, tot st. 4, waarna my pa Newcastle toe verplaas is. Hier het ek my skoolloopbaan voltooi, my sekretariële diploma verwerf en toe begin werk.

**Frenchie:** Ek is in Mauritius gebore. (Hy is van Franse afkoms, vandaar die bynaam Frenchie) Toe ek 7 jaar oud was, het ons Suid-Afrika toe gekom. Ek het in Wartburg in KwaZulu-Natal by 'n Duitse skool begin skoolgaan. Duits was ook die eerste taal wat ek hier in Suid-Afrika geleer het. My hoërskoolloopbaan is in Pietermaritzburg voltooi, waar ek ook in die koshuis was. Ek het my vakleerlingskap as Instrumentasie Meganikus by Iscor Newcastle voltooi. My 2 jaar militêre diensplig het ek ook in Newcastle gedoen en daarna my Nasionale Diploma by Iscor Newcastle verwerf.

### **Waar het julle ontmoet?**

In Newcastle, deur vriende.

### **Hoeveel kinders en kleinkinders het julle?**

Ons het een kind, 'n dogter, en een kleinkind, 'n seuntjie.

### **Wat was julle beroepe voordat julle afgetree het?**

**Olga:** Ek het 25 jaar vir 'n dokter in Witbank gewerk. Eers 11 jaar by ontvangs, en daarna as bestuurderes by die rekeninge afdeling.

**Frenchie:** Ek was 'n Projekbestuurder by Eskom.

### **Julle is redelike nuwe intrekkers hier op Negester. Wat het julle laat besluit om hier te kom bly/aftree?**

Ja, ons het Maart hierdie jaar hier ingetrek. Ons het vir vriende van ons hier kom kuier en het baie gehou van die plek want ons is baie lief vir die natuur én die Bosveld.

### **Het julle lewenstyl enigsins verander van julle hier bly?**

Ja, ons is baie kalmer en leef baie rustiger.

### **Waarmee hou julle juisself besig?**

**Olga:** Ek hou van bak, behoort aan 'n fotografie klub en neem gedurig foto's en ek doen ook naaldwerk.

**Frenchie:** Tuinmaak, visvang en voëlkyk.

### **As jy juisself in een woord kon opsom, wat sal dit wees**

**Olga:** Sagte hart en hou daarvan om te gee.

**Frenchie:** Dissipline

### **Wat ontstel jou:**

**Olga:** Konflik

**Frenchie:** Armoede

### **Wat laat jou lag?**

**Olga:** Ek lag baie maklik, maar my sussie laat my nogal lag.

**Frenchie:** Ek lag ook baie maklik, maar kleinkindertjies kan baie snaaks wees.

### **Watter advies sal jy aan vandag se jonger mense gee?**

**Olga:** Werk hard en bereik iets in die lewe.

**Frenchie:** Leer hard en werk hard.



### **GUNSTELINGE:**

**Kos:** **Olga:** Pasta **Frenchie:** Braaivleis

### **Drankie:**

**Olga:** Rooiwyn! **Frenchie:** Whisky

### **Vermaak/ontspanning:**

**Olga:** Fotografie.

**Frenchie:** Lees, en sport kyk op televisie

### **Musiek:**

**Olga:** Oldies en Boeremusiek

**Frenchie:** Golden Oldies en veral The Beatles

### **Boek:**

**Olga:** Resepteboeke

**Frenchie:** Ron Peterson se Auschwitz

### **Sport:**

**Olga:** Ek kyk graag Darts en Rofstoei op televisie

**Frenchie:** Rugby en Krieket

### **Kleur:**

**Olga:** Wit **Frenchie:** WP-blou

### **Dier:**

**Olga:** Hond **Frenchie:** Voëls

### **Vakansieplek:**

**Olga:** Weskus **Frenchie:** Wildtuin

# Wie kan ek kontak?

<b>KLINIEK</b>	<b>014-736-3364</b>	<b>014-736-2770</b>
Nood-nommer		072 312 3499
Berading daagliks beskikbaar per afspraak (Annatjie Moore)		014-736-2580
(Annatjie Moore) tans nie beskikbaar	014-736-2580	
Inligting oor Kansa (Nellie Buitendag)	014-736-2725	

<b>Maak asseblief afsprake</b>		
<b>Maandae – Vrydae</b>	07:30 – 09:30	Kliniek
<b>Maandae</b>	09:00 – 17:00	Voetsorg
<b>Dinsdae</b>	07:30 – 14:00	Haarsorg
<b>Dinsdae</b>	09:00 – 13:00	Oudioloog (Elke 2de Dinsdag)
<b>Vrydae</b>	Middag	Fisioterapeut



Al die veld is vrolik ... 🎵  
Al die voëltjies sing ... 🎵

**Negester Klein-Kariba** is die ideale plek vir **vyftigplussers** op soek na 'n beveiligde leefstyl-landgoed en 'n droomtuiste in die **Bosveld**.



## FASILITEITE EN VOORDELE

- ☑ Veilige en uitstekende beleggingsgeleentheid met ATKV as 'n ontwikkelingsvennoot.
- ☑ Pragtige natuurskoon met volop bergfiets, stap en drafroetes.
- ☑ Beheerde toegang tot die ATKV se Klein - Kariba - Vakansieoord.
- ☑ Klubbuis en sportfasiliteite, boma en ook piekniekarea.
- ☑ 24/7 sekuriteit met biometriese toegangsbeheer.



## Kopkrapper 3

Ons speel bietjie met vuurhoutjies. Skuif telkens een vuurhoutjie om die stelling waar te maak. Die antwoorde verskyn elders in hierdie uitgawe.

- a)  $3 \times 9 = 5$
- b)  $2 + 2 + 5 + 6 = 16$
- c)  $1 + 2 + 3 + 8 = 21$

**Kontak ons nou vir die nuutste plot en plan opsies beskikbaar!**

Carin | +27 71 612 9129  
carin@boshoffeindomme.co.za

Hansie | +27 82 419 4642  
hansie@boshoffeindomme.co.za

**KORTTERMYNVERSEKERING  
VIR AFGETREDENES**  
AANGEBIED DEUR NSB



# WIE IS NSB?

NSB is 'n korttermynversekeringsmakelaar wat reeds meer as 25 jaar na kliënte se belange omsien.

Ons is kontrakteel met 12 versekeraars verbind om te verseker dat ons verskeie opsies kan bied om elke klient se risikoportefeulje te pas.

Ons lewer persoonlike diens en waarborg gemoedsrus.

Gespesialiseerde produkte en voordele vir u as afgetredenes.

**ONS WIL GRAAG MET U 'N AFSpraak REËL OM U PORTEFEULJE TE HERSIEN.**

Vir 'n gratis kwotasie SMS/WhatsApp gerus u naam en nommer na 066 286 0274. Voeg asb by u boodskap Negester.

**TROTS GEASSOSIEER**




Glen Manor Kantoor Park, Gebou 5, Kantoor 2,  
138 Frikkie De Beer Straat, Menlyn, Pretoria, 0063  
Tel: +27 (0)86 184 3672  
Epos: info@nsb.co.za  
www.nsb.co.za

Volg ons op Facebook en Twitter  
Gematigter verskaffer van finansiële dienste, FSP no: 16008



## Spreuke van C.J. Langenhoven ...

### Wysheid en kennis:

“Pas op vir 'n na-paadjie.  
Daar moet 'n rede wees dat  
die hoofweg nie daarlangs  
gaan nie.”




## Sterrelig Nuusbrief nou ook beskikbaar op Facebook

Tydens 'n HEV Direksievergadering op 17 Mei 2023 is goedkeuring verleen om Negester, Klein Kariba se Sterrelig Nuusbrief ook op sosiale media te versprei, met die uitsluitlike doel om deur middel van hierdie platform die bosveldleefstyl van die inwoners te weerspieël.

Die reg op privaatheid word deur die Grondwet beskerm en die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA) verskans daardie reg. Negester, Klein-Kariba Leefstyl-Landgoed verbind hom tot die beskerming van persoonlike inligting en tot die nakoming van sodanige regulasies.

Die Sterrelig poog om slegs foto's van inwoners te gebruik wat in die Sterrelig Nuusbrief verskyn het, of andersins foto's waar sodanige persoon of persone toestemming verleen het vir plasing. Die plasing van foto's se hoofdoel is om 'n bydrae te lewer tot die bemaking van Negester inwoners se bosveldleefstyl.

Sterrelig Redaksie



**Negester, Klein-Kariba  
Sterrelig**



Deel ook j ou "memories" met die inwoners.




"Memories" vasgevang in 'n foto vir eendag se onthou . . .  
**Deur my Negeester kameranens**



# KOM NEEM DEEL

## Blokraaisel




Neem 'n foto van die voltooide blokraai en Whatsapp na 0824604570. Onthou om jou naam en huisnommer by te voeg.

Baig geluk aan ons wenner van Julie blokraai: Tannie Hannetjie!

**AF**

- So ver as die Ooste is van die Weste?
- Los uit in die veld?



- ?
- Die mag wat iemand het om te kies aan wie sy bates na afsterwe nagelaat word?
- Die Bybel met twee-en-vyftig blaaië?
- Pick 'n Pay Bela Bela?
- 'n Duits gebore Amerikaner, miljoene geërf en 'n alkoholis?
- Ek is verras?
- Blaarkleur?


**DWARS**

- Weet jy wat is 'n kuip?
- Hier word jy met liefde omvou?
- 'n Goed toegeruste versorgingseenheid vir verswakte bejaardes?
- Hul kan vinnig hardloop, met 'n snelheid van tussen 30 en 50 km/h?



- ?
- These people refuse to be changed by the world?
- Dit oefen en verbeter jou geheue en skerp jou wiskundevaardighede op?
- Neville se gunsteling kos?
- 11/29/2023?
- Monogaam?

Oplossing van Augustus blokraai!




### Kopkrapper 3

Antwoord op Kopkrapper 3

a)  $3 \times 3 = 9$

b)  $2 + 3 + 5 + 6 = 16$

c)  $1 + 2 + 9 + 9 = 21$



Dis heerlike lente ... 🎵  
Die winter's verby ... 🎵



# Jacques de Beer

## Electrical / Elektries

065 624 6819

debeerelek@gmail.com

- COC Certificate
- Air Conditioners  
*(Install & Service)*
- Solar Inverters & Backup Systems
- Solar PV Panels
- Solar Borehole Pumps
- Solar Pool Pumps



All work done according to  
**SANS 10142/2**  
& AMENDMENTS



Lentetyd in Negester